

HOE LYK JOU TELKAART

Ons as gemeente is besig met 'n reis waar ons die laaste 4 weke gepraat het oor geloof, deurbrake en uiteindelik laas week onself weer geposisioneer het om die Here GROOT te vertrou – vir GROOT dinge.

Maar een frase wat die laaste 4 weke herhaaldelik opgekom het en voortdurend in my hart resoneer is: *“If God can get it through you, God wil get it to you....”*

En saam met hierdie frase maal die vraag:

“Stephan, wat gaan jy met jou deurbraak doen?” Die hele tyd deur my kop.

U sien, die Besters is die laaste paar maande in 'n proses, waar ons die Here regtig GROOT vertrou vir 'n paar GROOT deurbrake en nou 'n paar maande later - al het nog nie een van hierdie deurbrake gerealiseer nie, vind ons dat ons amper nader aan die Here is as ooit te vore, want al het die Here nog nie ons omstandighede verander nie, is Hy besig om ons te verander.

KOM EK VERTEL U MEER

Ek, soos u almal, is 'n tellinghouer. Ons almal is tellinghouers.

In alle sportwedstryde is daar tellings.

Punte word toegeken vir die dinge wat in daardie sport saak maak. Daarom is ons eerste vraag as ons by 'n sportwedstryd aankom wat reeds begin het:

“Wat is die telling?”

Want die telling sê vir ons waar dinge trek – dit sê vir ons wat aangaan en hoe ons span vaar.

Dit sê vir ons of ons span op koers is.

NET SO - is ons van nature ook tellinghouers van ons lewens – ons soek terugvoer – ons wil weet hoe ons vaar. Is my lewe op koers?

Ons het daardie bevestiging van eie waarde en welstand nodig.

DIT IS WAAROM BAIE MENSE HULLE EERDER IN HULLE WERK VERDIEP AS VERHOUDINGS, WANT BY DIE WERK IS DIT MAKLIKER OM TELLING TE HOU.

MAAR DAAR IS 'N PROBLEEM.

In 'n sportwedstryd, bepaal die puntstelsel hoe jy speel, want jy gaan doen wat nodig is om maksimum punte aan te teken sodat jy kan wen! **NET SO** bepaal jou puntstelsel waarvolgens jy jousef en jou lewe meet ook jou gedrag.

Ons puntstelsel veroorsaak dat ons onself voortdurend met ander vergelyk:

Ons vergelyk:

Opwaarts – met mense wat beter daaraan toe is.

Sywaarts – met mense wat dieselfde daaraan toe is.

Afwaarts – met mense swakker daaraan toe is.

En al 3 het gevare:

- Opwaarts – lei tot afguns
- Sywaarts – lei tot wedywering
- Afwaarts – lei tot verwaandheid

Die probleem is net dat wanneer ons telling hou deur ons te vergelyk, is ons geneig om dit te doen op 'n manier wat ons eie belang die beste dien:

Bv. **Finansies** – Opwaarts *Maar dit maak dat ons nooit vergenoegd/dankbaar is nie en dit maak dat ons nie minderbevoorregtes raaksien nie.*

Etiese gedrag – die Teenoorgestelde *Dan vergelyk ons met mense wat in ons oë laer op die morele skaal is, want: dan is ons telling vir integriteit hoër.*

Vergelyking van punte vind op alle terreine die hele tyd plaas:

- Saketydskrifte - 100 Rykste mense
- Skindertydskrifte - 100 Hubaarste mens/begeerlikste vroue
- Studente vergelyk hul punte
- Werknemers vergelyk hulle salarisse/posbenamings/kantoor grootte
- Selfs in kerk – Hoeveel lidmate

Dis nie noodwendig 'n slegte ding nie, want dit maak ons **vasberade**, leer ons **volharding** en in 'n mate gee dit ons 'n **gees van hoop**.

Maar daar is 'n baie fyn lyn voordat afguns en jaloesie veroorsaak dat wedywering giftig raak vir jou siel en as jy uiteindelik begin oorweeg om te kul kan wedywering jou siel vernietig.

Ons almal is tellinghouers en êrens in wat ek nou gesê het, het jy jousef gesien telling hou.

EK & LIESL IS TELLINGHOERS, maar die laaste paar maande het die Here saggies begin om ons gesin, maar veral **MY** manier van telling hou en my puntestelsel te verander.

1. **BALLONKNARS**

Ek lees die storie van die eksperiment wat hulle uitgevoer het met 2 groepe Graad 4 kinders:

Dis 'n **wen of verloor** spel: *Jy moet verloor sodat ek kan wen*

Almal is my teenstanders wat ek moet uitskakel – my mededingers

Kompetisie waarin net die sterkstes oorleef

SO DIS MOEILIK OM REGTIG TE WEN, want as jy wen gaan jy noodwendig die een wees van wie almal die minste hou.

GEWONE KINDERS

vs

LEERGESTREMDE KINDERS

- Nuwe manier van telling hou, nie punte teenmekaar aangeteken nie, maar punte saam met mekaar.
- In plaas van teenstanders het hulle spanmaats geword.
- Dieselfde deelnemers wat verloorders was onder die ou stelsel was skielik wenners onder die nuwe stelsel.

DIESELFDE SPEL – al wat verander het, was die manier waarop hulle telling gehou het.

DIE EEN GROOT AREA WAAR EK TOT MY SINNE MOES KOM, IS DIE AREA VAN GOETERS.

U sien – ek hou daarvan om goed bymekaar te maak en dan te vergelyk met ander.

Baie van ons meet onself aan ons GOETERS // Ons hou telling en plaas onself en ander in kategorieë na aanleiding van ons GOETERS.

Baie van ons smag na 'n lewe van rykdom – hoekom?

A: Want die wêreld waarin ons leef kondisioneer ons om “*NOOIT-GENOEG-NIE-MENSE*” te wees.

Elke liewe advertensie wat gepubliseer word is ontwerp met een doelwit:
Om jou meer te laat begeer – **Hulle besigheid is om behoeftes te skep.**

Die slagspreuk van een van die media maatskappye is openlik:
“Gister het ek nie geweet dit bestaan nie; vandag kan ek nie daarsonder klaarkom nie!”

En so skep hulle die siekte van “*NOOIT-GENOEG-NIE-SIELE*”.

B: Ons streef na 'n **lewe van rykdom**, maar waarna ons eintlik smag is **n ryk lewe.**

'n Amerikaanse sielkundige, Martin Seligman, het sy klas laat debatteer oor watter een geneig is om tot vreugde en vervulling aanleiding te gee:

Goeie daade // Pret (om iets lekkers te doen)

Hy gee hulle toe 'n opdrag. Elkeen moes 1 daad van omgee verrig en elkeen moes 1 lekker ding doen en dan oor albei skryf. Die meeste het na die tyd getuig dat die uitslag lewensveranderend was.

Dit “nagloed” van die lekker ding doen het maar sleg afgesteek teen die goeie daad en byna almal het tot die slotsom gekom:

Om 'n goeie daad te verrig

laat 'n mens baie beter voel as om iets lekkers te doen.

Ons jaag 'n lewe van **rykdom** na, want ons dink dit sal ons in staat stel om 'n **ryk lewe** te lei. Ons sê ons sal meer dankbaar wees, meer vreugdevol, meer tevrede, meer sorgeloos en meer vrygewig as ons net maar dit werk nie so nie

Dis waarom dit heeltemal moontlik is om die rykdom van 'n skuur vol geld, 'n bakkievrag vol talent en die voorkoms van 'n rolprentster te hê, maar steeds arm te leef.

Meer GOETERS bring nie meer vryheid of sekuriteit nie.

Randy Alcorn het baie jare gelede aanhalings opgeteken van mense wat in hulle tyd as van die rykstes beskou is:

“Ek het miljoene gemaak, maar dit het my nog geen geluk verskaf nie.”

John D Rockefeller

“Miljoenêrs glimlag maar min”

Andrew Carnegie

“Ek was gelukkiger toe ek nog ‘n motorwerktuigkundige was”.

Henry Ford

GOETERS KAN JOU NIE GELUKKIG MAAK NIE
EN
GOETERS KAN JOU NIE LAAT VEILIG VOEL NIE.

Dis waarom Jesus vir ons gesê het in **Mat. 6:19-21**

Hou op om van die oggend tot die aand agter geld aan te hardloop. Niks hou hier vir altyd nie. Diewe breek oral in en steel, motte en goggas vreet alles op en ouderdom laat dinge vergaan.

Maak eerder vir julle ‘n bankrekening daar by God in die hemel oop. Geen dief kan ooit daar inbreek om te probeer steel nie.

Die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou ‘rekening’ oopgemaak het.

Die Boodskap

KOM EK GEE VIR U ‘N WOORDBEELD VAN WAT JESUS EINTLIK GESÊ HET:

As jy in ‘n gastehuis bly vir ‘n week, gaan jy nie duur skilderye koop en teen die mure hang nie of baie geld spandeer aan binnehuisversierings van die kamer nie.

Dit sou dom wees om jou skatte te mors op ‘n tydelike blyplek.

Hierdie lewe, jou blyplek, jou meubels, klere en ander besittings – jou GOETERS - is jou gastehuis verblyf, wat maar ‘n paar sekondes duur in vergelyking met wat hierna kom en waar jou siel vir ewig gaan bly.

Daar is niks fout daarmee om in 'n plek te bly en dit te geniet terwyl jy daar vertoef nie – Wat Jesus sê:

“Is dat ‘n mens nie jou skatte in die gastehuis moet belê nie!”

Dit is nie jou permanente bestemming nie – jy gaan net 'n kort rukkie hier deurbring.

WAT GOETERS WEL KAN DOEN

GOETERS kan jou help om **RYK TE WORD BY GOD EN TERSELDERTYD 'N RYK LEWE TE HÊ.**

SO: Ek het uiteindelik op 'n punt gekom waar ek moes erken en bely:

“HERE, MY STREWE IS 'N LEWE VAN RYKDOM INPLAAS VAN 'N RYK LEWE EN EK IS JAMMER. HELP MY OM RYK TE WORD BY U – WYS MY HOE!”

EN SO HET 'N KOSBARE PAD BEGIN, MAAR EERS MOES EK TERUGKOM AARDE TOE

Ek was besig om teen 'n leer uit te klim en het net boontoe gekyk. Elke sport wat ek styg het vir my net meer en meer plesier verskaf en terwyl ek die leer klim het ek nooit afgekyk na die mense laer as ek nie – my fokus was net op hulle wat hoër as ek was.

Ek kyk en fokus op hulle wat mooier en beter rygoed as ek het en in die proses vergeet ek van hulle wat bus moet ry of selfs stap.

Maar ons is volgelinge van Jesus en daarom is ons veronderstel om Sy voorbeeld te volg. So wat het Jesus gedoen?

Fil.: 2:5-8

Think of yourselves the way Christ Jesus thought of himself. He had equal status with God but didn't think so much of himself that he had to cling to the advantages of that status no matter what. Not at all.

When the time came, he set aside the privileges of deity and took on the status of a slave, became human! Having become human, he stayed human. It was an incredibly humbling process.

He didn't claim special privileges. Instead, he lived a selfless, obedient life and then died a selfless, obedient death—and the worst kind of death at that—a crucifixion.

The Message

Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink het en gevoel het, so moet julle ook daarvoor dink en voel. Laat ek verduidelik wat ek bedoel.

Jesus staan in status op gelyke voet met God. Hy was egter nie so vol van Homself dat Hy tot elke prys aan dié status wou vasklou nie. Toe die tyd ryp was, het Hy die status en eer wat Hy gehad het eenkant toe geskuif. Hy het 'n mens tussen mense geword. Asof dit nie genoeg was nie, het Hy sommer 'n gewone mens geword wat op die oog af nie uitsonderlik gelyk het nie, ja, iemand van wie baie ander mense niks gedink het nie.

As mens onder mense het Hy die pad van vernedering nog verder geloop. Dit sou Hom uiteindelik by die dood aan die kruis uitbring. Wat 'n vernedering.

Die Boodskap

Jesus se hele lewensverhaal was nie van iemand wat 'n leer uitklim nie, maar van iemand wat afkom – van 'n reeks verlagings in status.

MAAR toe Hy in die wêreld se oë na die grootste mislukking lyk – het Hy die grootste oorwinning in Vader se oë behaal.

JESUS HET DIE MANIER VAN PUNTE HOU HEELTEMAL VERANDER.

John Ontberg: “Daar’s 'n probleem daarmee om jou hele lewe lank teen een of ander leer te probeer uitstyg. Jy gaan heel moontlik op pad boontoe vir Jesus agterlaat, want Hy is op pad ondertoe.”

OM MY VAN MY LEER AF TE KRY, HET DIE HERE MY TERUGGENEEM NA DIE BEGIN – DIE BEGIN VAN ONS GELOOF:

Die Bybel verwys algemeen na Jesus as die “*founder and perfecter of our faith*”, maar min van ons dink nog oor wat Jesus moes deurmaak om die basis te lê vir dit wat ons vandag glo.

Hy is verraai deur 'n baie goeie vriend.

Hy is onregmatig gearresteer – *iets waarvoor ons vandag groot geld kan eis van die polisie, want dit maak inbreuk op ons Grondwetlike REGTE.*

Daarna is Hy onregverdig en onwettig verhoor (*'n grondwetlike reg wat vandag in SA so belangrik is dat daar na 1998 'n spesiale hof geskep is, wat in status hoër is as die Hoogste Hof van Appèl, naamlik die Konstitusionele Hof, om hierdie reg van individue te beskerm*).

En nadat Hy skuldig bevind is, is Hy weggestuur om gemartel te word ten einde 'n klein groepie mense tevrede te hou. (Mark 15:15)

Die Engelse Bybel maak 'n onderskeiding tussen *flogged* en *torture*, aangesien *torture* 'n manier van martel was om inligting te bekom, terwyl in die geval van *flogged* was die marteling juis die doel van die oefening.

Die wreedheid daarvan was dus van so aard dat as ek vandag die detail daarvan sou vertel meeste van julle dalk sal moet uitstap net by die aanhoor daarvan.

Dit was 'n kuns wat net deur sekere mense aangeleer en toegepas is. Daarom verwys die Bybel na die twee Romeinse soldate wat aangewys was om Jesus te martel.

Die apparaat wat hulle gebruik het, het bestaan uit 'n houtsteel van ongeveer 300cm lank met 6 tot 8 leerstroke van ongeveer 2m daaraan vasgemaak. In hierdie leerstroke was stukke glas, staal en klip ingebind met net 1 doel om die vel van 'n persoon se lyf - op sy skouers, op sy rug en sy maag af te ruk een hou op 'n slag.

Jesus se hande is bo sy kop vasgemaak teen 'n paal sodat sy hele lyf ontbloot was.

Nadat hulle uiteindelik met Hom klaar was, het hulle Hom teruggeneem na hulle hoofkantoor waar 'n paar manne van Pilatus besluit het om 'n bietjie sports te maak met die Koning van die Jode.

Mattheus, wat 'n ooggetuie was van alles wat met Jesus gebeur het beskryf dit soos volg:

Matt 27: 28-29:

Kan jy dink hoe sy rug op daardie stadium moes gelyk het.

En toe daardie doringkroon wat ons so maklik romantiseer.

²⁸ They stripped him and put a scarlet robe on him, ²⁹ and made a crown from long thorns and put it on his head, and placed a stick in his right hand as a sceptre and knelt before him in mockery. "Hail, King of the Jews," they yelled.

Daarna gee Pilatus Hom die maksimum straf – geen genade.

³⁰ And they spat on him and grabbed the stick and beat him on the head with it.

³¹ After the mockery, they took off the robe and put his own garment on him again, and took him out to crucify him.

Dis belangrik om te onthou dat die Romeine nie die konsep van kruisiging uitgedink het nie, maar hulle het dit vervolmaak.

Hulle het die hele doel van kruisiging verander sodat die uiteindelijke doel nie meer was om iemand dood te maak nie, maar juis was om iemand so lank as moontlik lewendig te hou sodat sy lyding so lank as moontlik uitgerek kan word.

Die idee was dat enige toeskouer wat hierdie lyding en vernedering in die publiek sien, so bang moes wees dat hulle nooit teen die Romeinse gesag in opstand sou kom of dit enigsins sou uitdaag nie.

Soos ek vroeër genoem het mag volledige detail van u dalk lus maak om te gaan, maar:

Spykers of staalpenne is deur die persoon se gewigte geslaan om sy liggaam te dra en dieselfde spykers of penne is deur sy voete geslaan sodat hy iets gehad het om sy liggaamsgewig teen te stut ten einde asem te haal, want mense is nie tydens kruisiging dood omdat hulle doodgebloeit het nie – hulle is dood omdat hulle versmoor het. Die idee van die spykers of die staalpenne was dus om hom so lank as moontlik aan die lewe te hou.


Volgens films en prente wat gemaak is was die aanduidings dat die gekruisigde altyd hoog in die lug gehang het, maar dis nie akkuraat nie, want die idee van kruisiging was vernedering. Daarom is die persoon wat gekruisig is letterlik sentimeters bo die grond gehang sodat die mense wat hom wou spot en aanmerkings wou maak, hom in die oë kon kyk terwyl hulle hom bespot het en aanmerkings gemaak het.

As Mattheüs dus in sy ooggetuieverslag sê in: **Matt 27: 39-40**

³⁹ And the people passing by hurled abuse, shaking their heads at him and saying, ⁴⁰ “So! You can destroy the Temple and build it again in three days, can you? Well, then, come on down from the cross if you are the Son of God!”

Dan het hierdie mense wat Jesus bespot het, Hom reg in die oë gekyk terwyl hulle dit met Hom gedoen het.

Deel van ons probleem is die kunste en flieks wat veroorsaak dat wanneer ons aan Jesus dink, iets in jou gedagtes opkom soos die volgende:



Maar hierdie ou kon nie regkry wat Jesus reggekry het nie.

En terwyl ek dit alles vertel moet julle onthou dat Jesus nie gevange geneem is terwyl Hy voortvluggend was nie. Hy is nie gevange geneem terwyl Hy iewers weggekruipt het omdat Hy bang was om gearresteer te word nie.

Ons Redder het in Jerusalem ingestap helder oordag, uit eie beweging, wel wetende dat dit Sy lot sou wees.

Weet u wat, moes dit van Hom gevat – Hy was GOD ! EN HY HET DIT NET OM EEN REDE GEDOEN – HY HET DIT VIR MY GEDOEN EN VIR JOU GEDOEN !

En nadat Hy deur dit alles is het MY REDDER en JOU REDDER vir ons gesê:

VOLG MY !

En dan waag ons dit om die Vraag te vra: – Moet ek nou 'n 1/10 bereken op netto/bruto inkomste?

M.a.w. Hoe min kan ek gee sonder om God die harnas in te jaag?

Dit kom hierop neer – Hoe min van my GOETERS kan ek weggee en steeds uit die moeilikheid bly.

Weet u wat was die mense se reaksie wat Jesus se verhaal sien afspeel het?

Die eerste Kerk, die mense wat vir Jesus gesien het of eerstehands gehoor het van ooggetuies en mense wat hom gesien het, het besef dat Jesus se puntestelsel andersom werk en Lukas skryf vir ons in Handeling van hulle:

Hand. 4: 32-37

32-33 The whole congregation of believers was united as one—one heart, one mind! They didn't even claim ownership of their own possessions. No one said, "That's mine; you can't have it." They shared everything. The apostles gave powerful witness to the resurrection of the Master Jesus, and grace was on all of them.

34-35 And so it turned out that not a person among them was needy. Those who owned fields or houses sold them and brought the price of the sale to the apostles and made an offering of it. The apostles then distributed it according to each person's need.

Jare later – ongeveer 55 n.C. skryf Paulus, wat 'n vriend van Lukas was vir die gemeente in die stad Korinte:

2 Kor. 8:9

Julle weet tog hoe ongelooflik goed ons Here Jesus Christus vir ons almal is. Al die eer en die glorie behoort aan Hom. Tog het Hy hierdie hemelse rykdom ter wille van julle opgeoffer to Hy in julle plek aan die kruisdood is. Christus het julle wat eers brandarm was, nou skatryk gemaak. GAAN WYS NOU HOE DANKBAAR JULLE TEENoor HOM IS deur julle besittings met ander gelowiges te deel.

Die Boodskap

Paulus het gewee GOETERS kan jou nie ryk maak nie en daarom kon hy van die trapmeul van bymekaarmaak afklim en inplaas van 'n Lewe in Rykdom die RYK LEWE ervaar van 'n meer-as-genoeg-mens.

Hy skryf van homself in **Fil.4:12** :

Ek weet hoe dit voel om arm, nee, brandarm te wees, maar ek weet ook hoe dit voel om genoeg of selfs te veel geld te hê. Maar ek laat nie toe dat sulke dinge my onderkry of met my weghardloop nie. Ek is en bly altyd tevrede, wat my ook al tref. Dit maak nie saak of ek sonder 'n krieseltjie kos gaan slaap of soveel kos het dat ek dit nie alles kan opeet nie. Of ek net die klere aan my lyf het en of ek 'n huis vol goed op my naam het, vir my is dit eintlik maar om't ewe.

Vir alles in die lewe, die goeie of die slegte, sien ek kans omdat Jesus my bron van krag is.

Ek lees hierdie goed en ek dink:

'WAT HET MET ONS GEBEUR?'

As Paulus vandag vir ons moet sê wat hy vir die gemeente van Korinte geskryf het - ek kan net dink wat ons reaksie sal wees.

Aan die ander kant as die eerste Kerk en Paulus moet hoor waaroor ons bekommerd is en halfpad depressief raak wat sal hulle reaksie wees.

EK SÊ NIE DAT JY 'N MARTELAAR MOET RAAK EN JOU DROME EN IDEALE EN JOU GELOOF VIR 'N DEURBRAAK LAAT VAAR NIE, DIE VRAAG IS NET WAT GAAN JY MET JOU DEURBRAAK DOEN?

Eendag gaan ons moet rekenskap gee van dit wat die Here aan ons toevertrou het en dit kan 'n geleentheid van groot vreugde of diepe berou wees.

Dawid het gesnap dat niks sy eie is nie – alles wat hy het is aan hom toevertrou en vir hom geleen en eendag sou hy moes rekenskap gee en daarom het hy gesê:

1 Kron 29:14

“..... wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring”

Hy wou nie weet wat is die kleinste bedrag moontlik wat hy kon gee sonder om die Here kwaad te maak nie.

Hy sê: “*Wie is ek dat ek daartoe in staat is om so te kan gee?*”

SLUIT AF:

Daar is 2 soorte rykdom in hierdie wêreld:

'n Lewe in Rykdom

vs

'n Ryk lewe

= uiterlike toestand

= innerlike ervaring

Ons probleem is dat ons meestal op 'n lewe in Rykdom ingestel is omdat ons dink dat dit is waar ons geluk gaan vind.

Dit word weerspieël in die dinge waaroor ons dagdroom.

As ek net my droomhuis kan kry

As ek net 'n beter salaris kan verdien

Wanneer ek eendag 'n beter ryding het

As ek net geldelike sekuriteit kan hê

Die **EERSTE KERK** het egter besef dat GOETERS jou nie kan gelukkig maak nie en dat GOETERS nie vir jou sekuriteit kan gee nie.

Hulle het geweet dat 'n mens bitter min rykdom kan hê en nogtans 'n RYK LEWE lei.

Paulus het dit agtergekom uit sy lewe saam met sy vriend en reisgenoot Jesus en in **1 Timoteus 6:6** gee die volgende raad aan sy getroue vriend Timoteus wat op daardie stadium die leier van die kerk in Efese was:

Eintlik kán godsdienst 'n mens baie ryk maak. Aardse rykdom is nie so baie werd nie, want ons het sonder 'n sent in die wêreld gekom en eendag wanneer ons doodgaan, sal ons ook niks van die wêreldse rykdom kan saamvat nie.

'n Siel wat ryk is, beleef die wêreld anders. Jy ervaar dankbaarheid vir elke liewe dingetjie wat jy het en ontvang, eerder as wrokkerigheid oor alles wat jy nié het nie.

'n Lewe in rykdom behels gewoonlik dat jy meer moet kry; terwyl 'N RYK LEWE gewoonlik behels dat jy meer uitdeel.

GOETERS kan vir jou 'n lewe in rykdom gee, maar dit gaan nie vir jou outomaties 'n ryk lewe gee nie.

WAT GAAN JY MET JOU DEURBRAAK MAAK ?

'n Lewe van Rykdom leef of dit gebruik om RYK TE WORD BY God en so 'n RYK LEWE te lei?

XxXxX